# 412 God Seën Afrika/ Nkosi Sikelel' I Afrika




Hou u hand, o Heer, oor Afrika,
lei ons tot by eenheid en begrip.
Hoor ons as ons U om vrede vra.
Seën ons in Afrika,
kinders van Afrika.

> Daal neer, o Gees, Heilige Gees,
> daal neer, o Gees, Heilige Gees,
> kom woon in ons,
> lei ons, o Heilige Gees,
> kinders van Afrika.

Seën ons, Here God, seën Afrika,
neem dan nou die boosheid van ons weg,
maak ons van ons sonde ewig vry.
Seën ons in Afrika,
kinders van Afrika

> Daal neer, o Gees, Heilige Gees,
> daal neer, o Gees, Heilige Gees,
> kom woon in ons,
> lei ons, o Heilige Gees,
> kinders van Afrika.

*Afrikaanse vertaling deur Hans du Plessis.*